VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

12 Januarie 2023

Geagte VivA-gebruiker

Laat ’n liefdadigheidserfeis na

OPSIE 1: LAAT ’N LIEFDADIGHEIDSERFENIS NA

Omdat VivA ’n geregistreerde PBO is, kan VivA-gebruikers in ’n testament geld aan VivA bemaak sonder om boedelbelasting op daardie bemaking te betaal (die oorledene se erfgename sal dus ’n belastingkorting ontvang vir alle bemakings aan VivA).

Voorbeelde van klousules in ’n testament

Die Testateur/Testatrise bemaak hiermee ’n kontantlegaat gelyk aan _____ aan die Virtuele Instituut vir Afrikaans NPC (Registrasienommer: 2015/031544/08) PBO-nommer: 930062366

Die Testateur/Testatrise bemaak hiermee die restant van sy/haar boedel aan die Virtuele Instituut vir Afrikaans NPC (Registrasienommer: 2015/031544/08) PBO-nommer: 930062366

OPSIE 2: BENOEM VIVA AS BEGUNSTIGDE VAN ’N LEWENSPOLIS

’n VivA-gebruiker kan oorweeg om die opbrengs van ’n lewensversekeringspolis aan VivA na te laat. Die individu betaal die premie elke maand aan VivA, wat op hulle beurt die premie op die polis betaal. Die individu kan dan die maandelikse bydraes as ’n donasie aan VivA van belasting aftrek en so ’n belastingkorting kry. Wanneer die versekerde lewe te sterwe kom, eis VivA en ontvang die voordeel. Omdat VivA die begunstigde van die polis is, sal die polisbedrag wat uitbetaal word nie deel vorm van die oorledene se boedel nie.

Met vriendelike groete

Marlie Coetzee
Uitvoerende Direkteur

072 749 2431 • marlie@viva-afrikaans.org • Privaat sak X11, Arcadia, 0007 • viva-afrikaans.org

Virtuele Instituut vir Afrikaans NPC REGISTRASIENOMMER 2015/031544/08 en PBO-NOMMER: 930062366
Direksielede: Mnr. Jacques du Toit | Voorsitter van VivA | UNISA • Prof. Anne-Marie Beukes I Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns • Me. Astrid de Vos I Trust vir Afrikaanse Onderwys
Prof. Adri Breed I Noordwes-Universiteit • Mnr. Gerrie Lemmer I ATKV
Me. Marlie Coetzee I Uitvoerende direkteur van VivA